Publication: Sake (Rapport)
Date: Sunday, August 05, 2018
Page: 5

Beleggings in ’n trust kan werk, mits…

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

Verlede week het ek hier redes aangevoer waarom die gebruik van ’n maatskappy vir beleggings nie belastingsin maak nie. Vandag kyk ons na die gevolge sou jy van ’n trust gebruik wil maak.

Dit is reeds alombekend dat trusts swaarder belas word as individue. Byvoorbeeld, die inkomstebelastingkoers vir trusts, anders as spesiale trusts, is 45%, teenoor ’n koers van tussen 18% en 45% vir individue. Kapitaalwinsbelasting (KWB) in ’n trust is 36%, terwyl individue tussen 0% en 18% vir KWB kan hoes. Verder het ’n trust nie die jaarlikse rentevrystelling (R23 800 as jy onder 65 jaar is en R34 500 as jy ouer is) nie. Ook nie die jaarlikse KWB-vrystelling van R40 000 nie.

Die logiese vraag sou dus wees: Hoekom dan deur ’n trust belê? Die enigste rede wat ek sien, is as jy die trust gebruik vir ’n groter boedelbeplanningsdoelwit. Bates in ’n trust val normaalweg nie in jou boedel nie (uitgesluit ’n gevestigde belang en skuld aan jou) en is dus uitgesluit van boedelbelasting.

Die eerste knelpunt waarvoor jy te staan gaan kom, is hoe kry jy die geld (jou belegging) in die trust? Jy sit dit nie sommer in trust, soos ek hoor mense praat nie. Jy skenk dit en dan kom geskenkbelasting (20%) ter sprake, of jy leen dit aan die trust op uitstaande leningsrekening.

As jy die geld aan die trust leen, is daar twee faktore wat jy in gedagte moet hou. As jy nie rente hef op die lening nie, of teen ’n laer koers as die amptelike rentekoers (7,5%), word die rente wat jy nie hef nie geag ’n skenking te wees waarop jy geskenkbelasting moet betaal (hou in gedagte dat jy ’n jaarlikse vrystelling vir geskenkbelasting van R100 000 het).

Die tweede is dat solank as wat die lening uitstaande is, is dit ’n bate in jou boedel en sal dit inval vir boedelbelasting by jou dood. Maar, en dit is baie belangrik, al val die bedrag in vir boedelbelasting, is die groei in die belegging nie in jou boedel nie.

Jy het dus die groei in jou boedel beperk tot die leningsbedrag (min dit wat jy deur die jare skenk by wyse van die jaarlikse vrystelling van R100 000).

Goed. Maar hoe nou gemaak met die hoër belastingkoers op die groei in die belegging in die trust, soos hierbo genoem?

Jy kan dit uitkeer aan trustbegunstigdes, sodat dit in hul hande belas word, pleks van in die trust. Ek weet baie rekenmeesters is lief hiervoor. Maar dis bietjie van ’n simpel belastingspeletjie as jy mooi dink. Deur dit uit te keer, beperk jy tog groei. En as jy dit uitkeer, om dit belasbaar in die hande van die begunstigde te maak, het die begunstigde ’n gevestigde reg op daardie geld en boet jy die beskermingsvoordeel van ’n trust in.

’n Polisbelegging in die trust is ’n baie goeie idee. In die polishouerfonds is die belasting net 30% (teenoor 45% in die trust). En ná die verpligte vyfjaartydperk wat geld vir ’n polis, kan die trust oorweeg om sy (oorblywende) skuld aan jou terug te betaal en dit wat in die trust oorbly (die groei), is nou uit jou boedel. Op dié manier kan jy vir jouself of ander begunstigdes ’n bron van belastingvrye inkomste skep.

■ *Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac. com; Twitter: @Nicovangijsen*

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.